

CMATHS/SEMAS HARRISMITH PRESTEER BY VRYSTAATKOMPETISIE



Die groep leerlinge wat aan die Vrystaat Kompetisie vir Abakus Wiskunde deelgeneem het. Van links na regs:

Marichel Fourie Goud, Karien Bezuidenhout Champion of Champions met 'n gemiddeld van 91.25%, **Lishen Nair Goud, Wayne Matthysen** Brons **Jared Matthysen** Brons.

Wiskunde-slimkoppe tussen die ouderdom van 3 en 13 jaar het op 6 September 2014 aan die Vrystaat Streekkompetisie vir Abakus-wiskunde deelgeneem. CMATHS in Harrismith het vanjaar vir die eerste keer aan dié jaarlikse kompetisie deelgeneem en is deur 5 leerlinge van verskeie skole verteenwoordig, onder andere Harrismith Primêr en Harriston. CMATHS Harrismith spog met twee brons- en twee goue medaljes en een kategoriewenner "Champion of

Champions".

Streekkompetisies vind reg oor Suid-Afrika plaas en hier kwalifiseer die room van Suid-Afrika se Abakus- en hoofrekeneslimkoppe vir die Nasionale- en Internasionale Pan Pacific Abacus and Mental Arithmetic Association (PAMA) oefengroep vir 2015. Die wenners word elke jaar uitgenooi om oorsê te gaan meeding teen die wêreld se toppresterders by die Internasionale PAMA

byeenkoms. Vanjaar is Suid-Afrika die gasheer vir hierdie gesogte kompetisie en dit vind op 30 Desember 2014 in Sandton plaas. Die 2015 kompetisie vind in Amerika plaas.

Soroban is 'n Japanse woord vir abakus (telraam). Kinders leer om die abakus visueel in hul denke voor te stel sodat dit 'n rekenaar word wat hulle vir ewig in hul geheue kan hou.

Vir meer inligting besoek die CMATHS webwerf by www.cmaths.co.za